
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE INTEGRITEIT EN KRAG VAN GOD

Volgens die Verklarende Woordeboek beteken INTEGRITEIT die volgende: *onomkoopbaarheid, eerlikheid en opregtheid.* Dis presies wat God is, daar is by Hom geen sweempie van oneerlikheid of leuens nie, m.a.w. HY IS WAARHEID.

Deut. 32: 4. …'n God van trou en sonder onreg, regverdig en reg is Hy.

Jesus Christus was die verpersoonliking van God (hulle is Een) en Hy het gesê: **Ek is die weg en die WAARHEID en die lewe… (Joh. 14. 6)**

Omdat God WAARHEID is, is Sy Woord WAARHEID.

Joh. 17: 17: …U Woord is die WAARHEID.

Die Bybel is 'n rekord van God se gesproke Woord en ons kan ons lewe daarop waag. DIT IS DIE WAARHEID. Daar is geen leuens in nie en geen weerspreking nie.

Num. 23: 19: God is geen man dat Hy sou lieg, of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of speek en dit nie waar maak nie?

Matt. 5. 18: Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

1 Pet. 1: 23. …want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewend Woord van God wat tot in ewigheid bly.

Die Woord van God is die openbaring van die Karakter van God en ons moet dit lees asof ELKE WOORD vir ons persoonlik is: daar is geen valshede in nie, ons kan dit heelhartig vertrou.

2 Pet 1: 21 en 2 Tim. 3: 16 laat ons duidelik verstaan dat God die Heilige Gees Self die skrif "ingegee" (geïnspireer) het. Kyk na die volgende feite: Die Bybel is deur 40 verskillende mense (in verskillende lande) met verskillende kulture, wat mekaar meestal nie geken het nie) geskryf oor 'n periode van 1500 jaar, en daar is nie een weerspreking nie. Dit sou vir die mens onmoontlik wees om te doen, maar God kon dit doen!

God se Woord is al iets in die heelal wat NOOIT VERANDER NIE: die volgende geslagte sal nog dieselfde Bybel hê, en die geslagte daarna, totdat Jesus kom. Mense en dinge verander: God se onfeilbare Woord NOOIT!!

Daar was oor die eeue al geleerde manne wat probeer bewys het dat die Bybel sal misluk en vergaan, maar hulle het! 'n Geleerde ateïs , ene Robert Ingersall het gesê: "Binne 100 jaar sal die Bybel 'n uitgediende en vergete boek wees wat net in Museums aangetref sal word."

Een honderd jaar later was Voltaire, 'n beroemde, geleerde ateïs se huis die eiendom van die Geneva Bybelgenootskap en die 92 volumes wat Voltaire se lewenswerk was, is vir 2 dollars verkoop!

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

Wanneer ons aan God se Woord twyfel, twyfel ons aan Sy Karakter, SY INTEGRITEIT.

In Psl. 138: 2 staan (en ek haal graag aan uit die Engelse King James Bybelvertaling):

For thou hast magnified thy word above all thy name.

Ek kon nie verstaan hoe God dan Sy Woord bo Sy Naam verhef het nie totdat Hy my die volgende insig hieroor gegee het: Wat gee vir die mens 'n goeie naam? Wanneer vertrou mense jou? Wanneer hulle jou woord kan vertrou! M.a.w. jy het 'n goeie naam wanneer jou woord betroubaar is, so jou woord is eintlik bo jou naam. Jou naam is net so goed as wat jou woord is. So is dit ook met God: Sy Woord is betroubaar, foutloos, sonder valshede. Daarom kan Sy Woord vir die mens 'n VASTE ANKER wees, want dit verander nooit: dis WAARHEID.

Terloops, mense wat die flou argument gebruik dat die Bybel homself weerspreek, is gewoonlik mense wat of gebrek aan kennis het van die Bybel of mense wat Skrif uitverband en konteks neem. Dis ook gewoonlik mense wat nie hulle lewe in lyn wil bring met die Bybel se voorskrifte en opdragte nie. Dit is die Heilige Gees wat die Bybel se boodskap aan ons openbaar en Lewend maak, en ek is oortuig uit my eie ondervinding dat voordat ek wedergebore was, was die Bybel 'n dooie letter vir my gewees, maar nou is die Woord Lewendig!

As 'n mens 'n studie maak van profesieë in die Bybel en hoe hulle waar gekom het, soms, soos bereken, met een kans uit 75 miljoen, staan 'n mens oorweldig deur die Grootheid en INTEGRITEIT van God en van Sy WOORD. Wanneer ons die Bybel lees, lees ons beslis nie feeverhale nie, maar *deklarasies van God:* DIE WOORD VAN GOD. Dis die onfeilbare, onwankelbare, onveranderlike Woord – tog vind ons dit soms so moeilik om dit te glo, te vertrou en ons lewenswandel daarop te baseer. Daar is altyd 'n oplossing vir ons probleem – situasie as ons dit in God se Woord soek.

As God se Woord dus sê DAT JY GENEES IS DEUR JESUS SE WONDE (Jes. 53: 4 en 5, 1 Pet 2: 24) is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! As God se Woord sê dat DAAR NOU GEEN VEROORDELING IS VIR DIE WAT IN CHRISTUS JESUS IS NIE, VIR DIE WAT NIE NA DIE VLEES WANDEL NIE MAAR NA DIE GEES (Rom. 8: 11) is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! Sy Woord sal jou deurdra, want die God Wie se Woord dit is, is ONFEILBAAR en HY VERANDER NOOIT!

Wanneer ons besin oor die KRAG VAN GOD moet ons eerstens besef dat Hy ALMAGTIG IS: ONBEPERK IS SY KRAG!

Openb. 19: 6: En ek het iets gehoor soos die stem van n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die ALMAGTIGE, het die koningskap aanvaar.

Let op, hier word die ALMAG van God die fokus – punt van die lofprysing wat opgaan tot Sy eer. Let ook op dat dit lofprysinge soos die *geluid van baie waters en die geluid van sterk donderslae* geklink het. In die hemel klink die lofprysing soos donderslae!

Ps. 62: 12: Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: DAT DIE STERKTE AAN GOD BEHOORT.

God se krag kry Hy van geen ander bron nie: Sy krag is inherent, dis Sy eie, dis deel van Sy Karakter. Dis ONVERANDERLIK en ons kan daarop staatmaak (Heb. 13: 8) Dis baie belangrik dat ons God sal sien as ALMAGTIG, want dan kan ons ook verstaan dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

Mark 10: 27: Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, WANT BY GOD IS ALLE DINGE MOONTLIK.

Hy kan alles doen wat Hy wil, wat binne Sy Wil is. Hy sal egter nooit Sy krag manifesteer as dit nie in lyn is met Sy heilige Wil nie. Daarom sal Hy nie Sy krag gebruik om jou uit 'n probleem situasie te help as jy maar net weer daarna gaan voort leef op 'n goddelose wyse en Hom nie dien nie. As Hy dit sou doen, sou jy dink dat Hy goedkeur wat jy doen. Wanneer jy jou wil in lyn bring met Sy Wil,

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf bls. 2)

kan Hy Sy krag gebruik om jou te help. Sy onbeperkte krag sal Hy in werking stel om jou te help as jy binne Sy Wil is, want Sy krag is onder beheer van Sy Wil.

Ek noem net die volgende paar bekende insidente in die Bybel om jou te herinner aan God se krag wat in werking gekom het binne Sy Wil. Die Skepping: die deurtog van die Israeliete deur die Rooi See, manna in die woestyn en water uit 'n rots; die ineenstorting van die mure van Jerigo, die drie vriende van Daniël in Nebukadneser se vuuroond, Abraham en Sara se voortbring van Isak en die opstanding van Jesus Christus.

Ons kan dus sekerlik 'n God wat ALLES kan doen vertrou om Sy Skepping te bewaar en te beskerm!

1 Pet. 1. 5. …wat in die krag van God bewaar word…

Heb. 1. 3. …en alle dinge dra deur die Woord van Sy krag…

God se KRAG is 'n definitiewe werklikheid want die voorafgaande teks sê dat ALLE DINGE GEDRA WORD DEUR SY KRAG!

Nog 'n interessante aspek van God se krag is dat daardie krag nou in die Gelowige is. Kyk hierna:

Jes. 11. 2. …en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en STERKTE (krag), die Gees van kennis en die vrees van die Here. Hier word van Jesus Christus geprofeteer, en van die Heilige Gees gepraat, die Heilige Gees wat in die Gelowige woon omdat hy nou die Tempel van die Heilige Gees is. (1 Kor. 6: 19) Die Groter Een (die Heilige Gees) woon in die Gelowige (1 Joh. 4: 4) Die Gees van KRAG!

Dit is dus nie vir ons nodig om huilend en smekend te bid: "O Here, stort tog U krag op ons uit" nie. Die Woord sê dan ons het God se krag: DIT IS REEDS IN ONS. Dieselfde Heilige Gees wat in Jesus Christus was is in JOU as jy 'n Wedergebore Gelowige is!

Ons behoort aan die Nuwe Verbond en nou woon God nie meer TUSSEN ons soos in die Ou Verbond nie, maar IN ons! Dis omdat die Gelowige hierdie Krag van God in hom het, dat hy soos Paulus kan uitroep:

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my KRAG gee (Filip 4. 13)

As jy nou rondloop en klaend is met die woorde: "Ek kan nie dit doen nie en ek sal daardie nooit regkry nie. My werk kan ek nie behartig nie, en ek sal nooit die eksamen slaag nie," sê jy eintlik (as jy Sy Kind is) dat God 'n leuenaar is! DINK 'n BIETJIE HIEROOR NA – dis baie belangrik. Dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het is IN JOU (Ef. 1: 19 en 20) Die Bybel sê dit, en God kan nie lieg nie!

Dink jy nie dit het tyd geword dat jy hierdie waarheid in jou gees in neem en daarvolgens begin lewe nie? Hierdie KRAG VAN GOD IN JOU is ook nie eers vir die Hiernamaals nie, dis vir NOU.

1 Joh. 4: 17: …want soos Hy (Jesus) is, is ons ook in HIERDIE WêRELD.

Hoe egter in gedagte dat God se Krag (ook in jou) altyd in lyn manifesteer met Sy Wil, m.a.w. jy kan nie nou bv. Sommer jou koffietafel in 'n stuk goud verander nie! Kom in lyn met God se Wil vir jou, volgens Sy Woord, en jy kan met 'n oorwinnende gesindheid uitroep: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** Begin om jouself te sien soos God van jou praat, en jou lewe gaan verander.

Dit is ook waar dat baie mense al hierdie Krag van God misbruik het vir eie gewin en gewildheid, en oneer oor die Naam van God gebring het. Dis egter tussen hulle en God. Laat ons egter nie dat satan ons beroof van dit wat God se Krag in ons lewens kan vermag deur ons onkunde en traagheid nie.

Kol. 1: 9 – 11: Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy Wil in alle wysheid en geestelike insig sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, En MET ALLE KRAG BEKRAGTIG word volgens die mag van Sy (Jesus) heerlikheid tot alle lydsaamheid en

(Vervolg of Bl. 4)

lankmoedigheid met blydskap,

Nou is die belangrike vraag nog: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?* Die antwoord: GELOOF!

Ons het in Mark 10: 27 gelees dat **by God alle dinge moontlik** groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en is, m.a.w. niks is by Hom onmoontlik nie.

In Mark 9: 23: lees ons die volgende: …**alle dinge is moontlik vir die een wat glo.** (Om te GLO is om OP TE TREE: AKSIE).

Dit gaan dus nie daarom of God KAN nie, maar of JY GLO: dan word God se Krag in jou lewe vrygestel. Geloof plaas jou op die vlak van God, want deur te GLO funksioneer jy soos Hy, en dinge gebeur!

Kyk maar weer 'n slaggie na Heb. 11 – die groot "geloof" – hoofstuk in die Bybel. Keer op keer lees ons daar: **Deur die geloof**… (deur te GLO)

Hierdie geloofshelde se GELOOF het God se Krag in hulle lewens in werking gestel. GELOOF is GEHOORSAAMHEID: AKSIE. Wanneer jy God GLO deur TE DOEN wat Hy sê, is daar geen perke aan wat God se Krag in jou lewe kan vermag nie. (Let op: geloof is nie om te sê **Here! Here!** en ongehoorsaam te bly aan die Bybel se opdragte nie – dis huigelary en baie gevaarlik!)

Dis hierdie soort van GELOOF (gehoorsaamheid aan God deur optrede) wat 'n droë pad deur die Rooi see gemaak het, wat die mure van Jerigo laat tuimel het, wat die verouderde Sara laat swanger word het.

Ten slotte 'n tweede antwoord op die vraag: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?* En nou wil ek spesifiek na die saak van samestemming soos ons daarvan lees in Matt. 18: 19 en 20.

Weer sê Ek vir julle; As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde.

Die term *saamstem* wat hier gebruik word is dieselfde as *harmoniseer, 'n simfonie maak, saam klink.*

Hierdie samestemming geld veral in die Liggaam van Christus (die Kerk), en dan ook in die huwelik. Ons sien nie meer wonderwerke in die kerk nie, want die samestemming ontbreek – 'n baie groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en nou kom die **krag van ongeloof** in werking. Dink maar aan Jesus toe Hy in Nasaret was: Hy kon daar geen wonderwerke doen nie want die *krag van ongeloof* was in werking. So is die kerk vandag nie in samestemming met God nie en nie met mekaar nie.

Dink aan harmoniseer, 'n simfonie maak, saam speel en klanke maak – dit hou alles verband met 'n orkes: verskillende klanke wat soos een klank klink. Toe die musikante op hierdie wyse opgetree het by die opening van Salomo se tempel het die Heerlikheid van God neergedaal sodat selfs die priesters nie kon bly staan nie! (Terloops, dis hoe die musikante in ons kerkbyeenkomste ons behoort te lei tot by God se Genade troon met lofprysinge) As ons so harmoniseer in saamestemming oor sake in die Liggaam van Christus sal God se Krag manifesteer. Stel jou voor die Krag as bv. 500 gelowiges saamstem voor God.

Die huwelik is ook 'n verhouding waar God se Krag grootliks sal in werking kom as 'n man en vrou saamstem, sonder stryery en verdeeldheid – hierdeur word hulle gebede verhinder (1 Pet. 3. 7) Wanneer ek praat van samestemming, veral in die huwelik, bedoel ek nie 'n verstandelike ooreenstem nie, maar 'n samestemming van hart, van gees. Dit help nie vir 'n vrou om met haar mond saam met haar man te stem en in die stilligheid op haar tande te kners nie – 'n eenheid van harte is nodig DAN DOEN GOD SE KRAG GROOT DINGE IN SO 'n EGPAAR SE HUWELIK, HUISHOUDING en GESIN. Die Bybel sê een laat 1000 vlug, maar twee 10, 000! Werk hieraan – dis beslis die moeite werd.

Ek vertrou dat julle opnuut by die lees van hierdie artikel aangemoedig is om God te vertrou vir die magtigg werkinge van y Krage in jou lewe. Dis jou erfenis!

Dr James's Personal Testimony of God's Greatness

The following is a testimony written by Dr James van Zyl:

I recall one of the most spectacular and wonderful accounts of the Greatness of God that I had the privilege and honour of experiencing personally. It occurred in the early eighties, just about a year after I had sold my medical practice and gone into ministry on a full time basis.

At that time I had three commercial fishing boats named, Glory, Hallelujah and Amen! People always said that when they went out to sea, and launched, they looked like a prayer! First Glory, then Hallelujah and finally Amen! Fishing had been particularly bad at the time, with commercial fishermen returning back to shore with very little fish and the costs of their fuel and crew salaries having to be met. This was the situation at the time that I suddenly received an income tax return which stated that I owed the Receiver of Revenue an amount of twelve thousand rand. I was absolutely astounded at the amount, which was a great deal of money in those days. My auditor explained to me that this was an accumulative amount, and that due to pressure of work, he had kept asking the Revenue Department for an extension. I had been under the impression that all taxes were up to date and hence my distress. Had I been still making a living as a practicing doctor, the shock would not have been as great, but now I was working for the Lord and things were different. I remember asking my wife Meg, what on earth I was going to do? Where was I suddenly to find this kind of money to pay the Receiver? She answered me immediately, gently admonishing me saying: "You are supposed to be a man of faith. What did Jesus say to His Disciples when they asked Him where they were going to find the money to pay the taxes? He told them to go and take it out of the fishes' mouth!" Right! I thought, that is **exactly** what I will do!

So, on that Monday, Meg and I prayed in Jesus' name asking our Heavenly Father to protect the crew and boats and give them a good catch, and then I prepared to send all three of the boats out to sea with a full crew on each boat, eight men per vessel. The fishing had long since been as bad as it was then; all of the commercial fishing boat owners were desperate because of the poor catches at the time. I decided that I would be part of the crew on Hallelujah and so we launched early, out into the deep and little did I know what awaited me!

We had hardly anchored and as I threw out my baited line, a huge Barracuda jumped right out of the water and actually took the bait in the air! As a seasoned fisherman I can tell you that I had never seen anything like it before and have never since! When I looked around, I saw that all the men on the boat were into this enormous shoal of Barracuda, and we were landing them as fast as we could. I called on the radios of the other two boats, Glory and Amen, telling them our position and hastening them to join us, which they did, and they too started to haul in large catches of magnificent Barracuda. It was absolutely amazing and unbelievable! Eventually after a few hours of continual hard fishing, we were exhausted and the three boats were loaded beyond capacity! It really was a repeat of Bible days when the Lord Jesus commanded the Disciples to cast their nets over onto the other side of the boat after they had been fishing all night without catching a fish! I realized that I was reliving Bible days! As I said before, the fishing had been so bad at that time, that it was a sheer act of faith that caused me to send all three boats out in the first place! Well we limped home with our gigantic catches in each boat and the total weight of that Barracuda catch gave me half of the tax money I needed! Six thousand rand worth of fish in one day's fishing! How Meg and I praised and thanked the Lord for His miracle of provision!!!!

The story does not end there however. Firstly, no other boats caught much at all that day. In fact they were dumb struck when they saw what we had caught, and I told them all where the spot was where we had been fishing. Secondly, we were so exhausted, that the whole crew rested on the Tuesday and we got our fishing equipment sorted out, purchased more bait, filled up with fuel and were set for the next day's fishing, which was the Wednesday.

Early Wednesday morning, after a good rest on Tuesday, Meg and I prayed thanking the Lord for His goodness and asking Him to once again protect the crew and boats, and to supply from out of His great abundance. I wanted to head straight for the spot where we had caught the Barracuda on Monday, but God works differently with every miracle He performs! This time He led me to a different reef and as we started to fish, the Salmon began taking our bait as if they had been waiting for us to arrive! We could not believe our eyes! There was this feeding frenzy around the three boats and we hauled in large Salmon as fast as we could! God had done it again, but this time with Salmon. Wednesday's fishing was a repeat success story of Monday's miracle. We rested once again on Thursday in order to recover, refuel and be restored, and then we repeated the same process on Friday, and were once more rewarded with amazing catches of Salmon, Barracuda and other bottom fish. Not only did these two day's catches pay for the balance of the outstanding tax money, but I had enough left over to

pay the crews' salaries (with bonuses for a job well done) and to pay for the bait and fuel used. **And in addition,** I was able to purchase a brand new badly needed outboard motor which replaced one that had become a real threat to the crew's lives, and God in His wisdom knew all about that urgent need too. Over and above all of this, there was also finance for the work of the Lord!! God is so GREAT AND IS TRULY A GOD OF ABUNDANCE!!! Not only had He provided me with the money needed for the taxes, but He also gave me one of the greatest experiences of my fishing career. No one actually enjoys giving their hard earned money to the Receiver, even when they have it to give, but I did not have it in the first place, so God enabling me to acquire it in this way, made it a real pleasure to be able to settle my account!

The story would not be complete if I neglected to tell you the end of it. We rested all weekend and prepared to go out fishing with the three boats on the following Monday again, which we did, excited to bring back another great catch, and eager to see a repeat performance of the previous week's bounty. Well we fished all day and tried various reefs and **all** the "good" fishing spots, with no success at all. The fishing was back to its normal amount of approximately thirty Kilos per boat, whereas in the previous week, the sea had yielded tons!!! Lesson learnt: God will supply our **needs** not our **greeds! In conclusion I proclaim that I will never forget this encounter and miraculous experience I had with the God who holds the oceans in His hands and is able to do far above what we hope, dream or can even imagine, if we only believe and trust Him as our loving, Heavenly Father Who knows what we have need of long before we ask.**

We include here some of the many testimonies of God's MIRACULOUS PROTECTION, for this is another area in which His Arm is not too short to save us.

The Bible is full of such incidents; Peter was in jail, and an angel came and fetched him. His chains fell off and he walked out of prison, past the guards and out into the street.

Paul, whilst in jail, experienced an earthquake sent from God to free him from his chains and open the prison doors. The walls of the jail did not collapse and no one was injured. God's children were saved and the jailer and his family came to faith in Jesus Christ.

Ex 14:31-32 tells of the flight of the Israelites through the Red Sea with the Egyptians closing in on them from behind. God sent a gale-force Easterly wind to blow open a path for them. It was so powerful that it even dried out the wet sand so that they didn't sink.

There is PROTECTION and PROVISION in the Hand of God. Think about Abraham's wife Sarah. Abraham lied to King Abimelech and Sarah landed up in one of the Kings harems. God protected her 100 % and appeared to the King in a dream. Abimelech was extremely frightened and begged God's mercy. He then sent Abraham and Sarah back, unscathed. God protected Sarah throughout the entire ghastly ordeal.

During the 2nd World War, when the Allied Forces were trapped at Dunkirk, the enemy was on one side and the sea on the other. There was no way of escape. In Britain intercessors started to pray and trust God for the IMPOSSIBLE. God sent a thick mist along the English Channel, so thick that people could not see their hands when they held them in front of their faces. The troops escaped by means of small fishing and pleasure boats, which were moored alongside the channel. The mist even shrouded them from the searchlights of the aeroplanes that flew over the channel. This time God used the weather as part of His MIRACLE. He can use anything if He needs to do so.

HIS PROTECTION will always be there when we need it.

Here is a last story about how God protects His Children. It is about a collision involving 2 jetliners several years ago. The one jet belonged to KLM and the other to Pan-American Airlines. They were both taking off on the runway, with permission from the control tower, but they were both on the same runway! In the one plane was a Christian, who had prayed with his mother for God's protection according to Psalm 91 before leaving America. The aeroplanes collided and the entire top of the Pan-American plane (where the Christian was) was ripped off. One of the petrol tanks was damaged and petrol spilled over all of the passengers. While both planes were in a sea of flames, this particular man, sitting in the middle section of the aeroplane, remembered the following Scripture in His mind: Isaiah 43:2 " When you walk through the fire, you will not be burned; the flames will not set you ablaze." He looked up and saw a tunnel of fresh air above him, right through the middle of the flames and smoke - an escape route. He was pulled through the tunnel by some unseen force, and landed on top of the aeroplane, from where he jumped onto the ground. He did hurt his leg in the process, but that is nothing in comparison with being burned alive! It was a MIRACLE of God's PROTECTION.

Our eldest daughter, Deonne, is a teacher and when she was studying she had to drive to Durban from Stanger every day to College. In those days there was no freeway, and the road to Durban consisted of only two lanes. At one point in the journey, there was a bridge over the Umvoti River which allowed only a single lane of traffic to cross, whilst the oncoming vehicles waited their turn on the opposite side of the bridge. Every morning Meg and I read the Bible and break bread, bring-

ing into remembrance Jesus' wonderful sacrifice on the cross and praying for all the prayer requests that we have received the previous day. As I was praying on this specific morning, I suddenly went from praying with my understanding to praying in tongues (praying in the Spirit), and this lasted for a few minutes. After we had finished praying together, Meg asked me what had happened that had caused me suddenly to pray in tongues, and I answered truthfully that I did not know and could not understand why this should have occurred, but I added that it was obviously something urgent that God had wanted me to pray for.

That evening when our daughter came back from college, she told us of the close shave with death that she had experienced on her way to Durban. She said that when she came to the Melville bridge she stopped to make quite sure that there were no vehicles on the bridge that might be coming across in her direction, and at the same time made certain that there were no vehicles waiting on the other side ready to commence their journey across. Having satisfied herself that this was indeed so, she drove slowly onto the bridge, (which remember could only serve one lane of traffic at a time), and as she got two thirds of the way across, a huge bus travelling at a tremendous speed suddenly appeared out of nowhere, and it was heading towards her at a rapid pace. She says that she knew that there was absolutely no way whatsoever that the two vehicles would be able to pass one another on the bridge, and that there was no hope whatsoever of the bus stopping in time because of the speed at which it was travelling! She says that she recalls closing her eyes and calling out, "Jesus please save me! "It seemed like an eternity passed, although it was a split second, she recalled. When she opened her eyes she says that she was on the other side of the bridge in her little car, totally unscathed, she and her car both in one piece, and she stopped at the side of the road because she was shaking so much. She says that there was absolutely no possible way that the two vehicles could have passed one another on that narrow bridge, and that she has no idea how her car could have landed on the other side of the bus! It cannot be explained and was an total miracle! She says as she was thanking and praising the Lord for His Hand of protection over her, she heard Him say to her (in her spirit), "Your father has just prayed for you ", then she said to me, "Thank you for praying for me today daddy". I told her that I prayed for all of my children **every** day, but she said that she knew that I had prayed a special prayer for her that day because the Lord had said to her, "Your father has **just** prayed for you". Suddenly I remembered about praying in tongues that morning and had not known what it was all about, so I asked her what time the incident on the Melville bridge had taken place, and she confirmed that it was at the time during which Meg and I pray every day for the sick. I knew then that God had intervened supernaturally in response to my praying in the Spirit, and had saved Deonne from certain destruction. What a Mighty God we serve! How great is His love towards us and His protection over us. We all rejoiced in His Goodness, and once again I realised how essential His Spiritual weapons are that He has given us for our battle here on Earth. His concern for each one of us, no matter who we are, is never ending and He proves His love for us and His protection over us daily.

I also realised afterwards that I had experienced Rom 8:26 in practise which says: **Likewise the Spirit also helpeth our infirmities: for we know not what we should pray for as we ought: but the Spirit itself maketh intercession for us with groanings which cannot be uttered.**

God's power is so GREAT, so unfathomable and TOTALLY unlimited! He says in His Word that He is the ONE who is able to provide us with ANYTHING and WHATEVER we need, "according to His riches in glory in Christ Jesus." (Philip. 3:19) Do you truly believe this? Do you know this Great God, and do you trust Him with all of your heart? Or do you still limit that which He wants to do for you through lack of faith or by clinging to tradition? Make a quality decision today to start to believe Him for what seems impossible, for the Bible tells us that although it may be impossible with man, it is possible with God!" **Matt. 19:26 But Jesus beheld *them,* and said unto them, With men this is impossible; but with God ALL things are possible**. He will honour your faith in Him and His ability!

Expect TODAY and EVERY DAY, to be a day of DIVINE MIRACLES- because we serve A MIRACLE WORKING GOD!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is:

stangerchristiancentre@gmail.com

Ons Bankbesonderhede
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank, 53730091667,
Kode: 220129

UIT ONS KANTOOR

Liewe Familie in Jesus,

Met die begin van 'n splinternuwe jaar, is dit nodig dat ons selfs nader aan die Here moet beweeg sodat ons kan hoor wat Sy begeertes vir ons in 2021 is. Hy ken elkeen van ons by die naam. Hy weet hoeveel hare jy op jou kop het en Hy weet verseker Sy planne en doelstellings vir jou hierdie jaar! Hy ken elkeen van ons se behoeftes individueel, nog lank voordat ons Hom vra. Hy belowe om ons die begeertes van ons hart te gee as ons Hom eerste in ons lewe stel en ons onsself verlustig om Sy Wil te doen.
Psalm. 37: 4-5 verseker ons: **Verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer.**

'n Aansporende waarheid aangaande die viering van die Nuwe Jaar, is die manier wat dit deur die getroue Jode gedoen word. Hulle sien hul Nuwe Jaar in met gebed en vas. Hulle bring die dag deur om oor hulle lewens na te dink en berou te hê oor alles wat hulle verkeerd gedoen het. Hulle gaan die nuwe jaar binne deur berou te wys vir die foute van die vorige jaar, so te sê om met 'n "skoon blaadjie" te begin. Hoe verskillend is hierdie van die tradisionele manier waarin die gemiddelde persoon die aanbreek van die Nuwe Jaar vier!

Hierdie jaar het die Here die noodsaaklikheid op my hart gelê om opname te neem van ons lewens soos dit is en 'n deeglike so te sê "groot huisskoonmaak" te doen en die nabye wederkoms van Jesus baie ernstig op te neem. Net soos dit met ons geboude huise, waarin ons elke dag leef, gaan en dalk nie oplet dat dit instandhouding nodig het nie, so is dit ook met ons liggame – ons lewens.

(1 Kor. 6:19) Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? In ons huise kan ons stadig oor die maande en jare bewus raak van die ietwat opsigtelike en verwaarloosde toestand en dat dit 'n goeie skoonmaak en verfwerk nodig het. Of ons het toegelaat dat "dinge" opgehoop het en dat die plek oorvol geraak het sonder dat ons dit opgemerk het. Wel, dieselfde is waar van ons "lewens". Dit is belangrik dat ons tot stilstand kom en goed na onsself kyk en dan in die lig van die Woord van die Here en Sy skuldigbevinding, begin om skoon te maak en enigiets wat nie daar hoort nie te verwyder.
Die Here sal ons help en ons die wysheid, krag en vermoë gee om die nodige werk te doen! Sy genade is altyd genoeg vir ons wanneer ons gehoorsaam aan Sy wil en Sy weë is.

(Fil. 1:6) Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.
My gebed is dat elkeen van ons tot die Here sal bid om begeerte in ons te plaas om nader aan Hom te kom en daardeur meer soos Hy sal word. **(Jak. 4:8) Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!** Laat ons in hierdie Nuwe Jaar werklik glo en op die Here se beloftes handel in 'n groter mate en Hom vertrou in daardie "skynbaar onmoontlike" situasies wat ons omring. Jesus het Self aan Sy dissipels gesê in **Mark. 9:23. "As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."**

Laat ons Sy beloftes in Mark. 9:23 en Fil. 1:6 saam met ons in die Nuwe Jaar neem, begin vandag!
Ons wil weereens ons liefde en dankbare dank aan julle almal oordra vir jul liefde en ondersteuning, julle goeie wense en gebede vir ons gedurende die afgelope tyd, en ons wil hê dat julle moet weet dat ons julle liefhet en waardeer, en dank ons Here vir julle.

Mag julle en jul gesinne oorvloedig geseën word hierdie jaar en mag Hy aan julle Sy liefde, vrede, blydskap en voorsiening in 2021 gee.
Baie Liefdegroete.

Meg en die Gebedspan

SKATKIS

En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! (Joh. 20:19).

In Sy teenwoordigheid is volkome blydskap, vrees en angs word oorweldig deur Sy vrede. Soos ons 'n nuwe jaar binne gaan, mag ons almal soek om stil te wees en Hom daagliks op die plek ontmoet. Wanneer ons harte en gedagtes stil word en ons oë gerig is op die EEN wat in ons kamer inkom en Sy hande uitstrek na ons, mag ons daardie trooswoorde hoor: **"Vrede vir julle!"** Dit is balsem vir die siel, olie vir die wonde en 'n skild vir elke storm. Hy het ook vir ons in **Joh. 14:27** gesê: **"Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie"**.

God seën julle met meer van Homself en elke goeie en volmaakte gawe in die jaar wat voorlê.